

Hoofstuk: 5VD Paragraaf: 7.	Teks	1933/53-vertaling	1983/91-vertaling
Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Die geloof van hulle wat slegs 'n tyd lank glo, verskil net in tydsduur van die regverdigende en saligmakende geloof.			
Die Sinode leer: Christus stel immers self duidelik in Matteus 13:20(-23)	1 Matteus 13:20-23	En by wie op rotsagtige plekke gesaai is — dit is hy wat die woord hoor en dit dadelik met blydskap aanneem; maar hy het geen wortel in homself nie, hy is net vir 'n tyd, en as daar verdrukking en vervolging kom ter wille van die woord, struikel hy dadelik. En by wie in die dorings gesaai is — dit is hy wat die woord hoor, maar die sorg van hierdie wêreld en die verleiding van die rykdom verstik die woord, en hy word onvrugbaar. En by wie op die goeie grond gesaai is — dit is hy wat die woord hoor en verstaan, wat dan ook vrug dra en oplewer: die een honderd, die ander sestig—, die ander dertigvoudig.	Die man weer by wie daar op die klipbanke gesaai is, is hy wat die woord hoor en dit dadelik met blydskap aanneem. Hy laat dit egter nie by hom wortel skiet nie, en hy hou nie lank uit nie. As hy ter wille van die woord verdruk en vervolgd word, word hy gou afvallig. Die man by wie daar tussen die onkruid gesaai is, is hy wat die woord hoor, maar die bekommernis van die lewe en die verleidelikheid van rykdom verstik die woord, en dit bly sonder vrug. Die man by wie daar op goeie grond gesaai is, is hy wat die woord hoor en dit verstaan. Hy dra inderdaad vrug en lewer 'n oes: soms honderdvoudig, soms sestigvoudig, soms dertigvoudig."
en Lukas 8:13(-15)	2 Lukas 8:13-15	En dié op die rots is hulle wat die woord met blydskap ontvang wanneer hulle dit hoor; en hulle het geen wortel nie, aangesien hulle net vir 'n tyd glo, en in die tyd van versoeking val hulle af. En wat in die dorings geval het — dit is die wat gehoor het, en hulle gaan weg en word verstik deur die sorg en rykdom en genietinge van die lewe en dra geen ryp vrug nie. En wat in die goeie grond val — dit is die wat, nadat hulle gehoor het, die woord in 'n edele en goeie hart hou en met volharding vrug dra.	Dié wat op die klipbank val, dui op hulle wat die woord met blydskap aanneem wanneer hulle dit hoor, maar dit skiet nie wortel nie. Hulle geloof hou net 'n tydjie. Die oomblik dat dit op die proef gestel word, gee hulle moed op. Die saad wat tussen die onkruid val, dui op dié wat die woord hoor, maar deur die sorg en die rykdom en die genietinge van die lewe word dit gaandeweg verstik, en dit skiet nie saad nie. Die deel wat in goeie grond val, dui op dié wat die woord met 'n goeie en opregte hart hoor en dit bewaar en deur volharding vrug dra."
en volgende verse nog 'n driedelige onderskeid vas tussen hulle wat net 'n tyd lank glo en die ware gelowiges. Hy sê: Eersgenoemdes ontvang die saad op rotsagtige grond, maar die gelowiges in goeie grond of in goeie harte; eersgenoemdes is sonder wortel, maar die gelowiges het 'n vaste wortel; eersgenoemdes dra nie vrug nie, maar die gelowiges dra met standvastigheid of volharding in verskillende mate hulle vrugte.			